# Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

6 Februarie 2026

Nuusbrief Nr. 2 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. ATLETIEK**

Die interlaer atletiekbyeenkoms vind plaas op Woensdag, 11 Februarie 2026 by DP de Villiers stadion in Sasolburg. Daar sal dus geen skool wees op Woensdag, 11 Februarie 2026 nie. Die naskoolsentrum sal wel oop wees vanaf 06:30 vir leerlinge wat 'n probleem het met toesig by die huis. Die byeenkoms begin om 08:00 en die atlete gaan direk na die stadion. Daar sal wel vervoer gereël word vir atlete wat nie self daar kan kom nie. Baie sterkte aan al ons atlete.
Die Area Kampioenskappe sal plaasvind op 17 Februarie 2026 en die D8 – Kampioenskappe op 24 Februarie 2026. Baie sterkte aan al ons atlete wat deel sal wees van die byeenkomste. Baie dankie vir u ondersteuning tydens die seisoen. Dit was regtig lekker om die talle ondersteuners te sien. Baie dankie ook vir u positiewe gesindheid ten opsigte van die atletiek.

**2. INENTING**

Die gesondheidsdepartement besoek ons skool op 12 Februarie 2026. Die Graad 5-dogters word dan ingeënt teen die HPV-virus. Dit is absoluut vrywillig. Die toestemmingsbrief is reeds in u kind se besit en moet voor of op 12 Februarie 2026 aan die skool terugbesorg word.

**3. SPORT**

Baie geluk aan Kayvian Gorrie wat gekies is om aan die Suid-Afrikaanse Junior Geslote Skaakkampioenskappe deel te neem. Ons is voorwaar trots op hulle.

**4. ASSESSERING**

Ons is deurlopend besig met assessering. Volgehoue en pligsgetroue werk dwarsdeur die jaar bepaal sukses en nie net die formele assesseringsgeleenthede nie. Die formele assessering begin op Dinsdag, 17 Februarie 2026 vir Gr. 4-Gr.7. Die assesseringsrooster is reeds in u kind se besit. Ondersteun asseblief u kind.

**5. KLEREBANK**

Die klerebank word bedryf deur Mev. Christelle Fourie vanaf haar woning. Indien daar enige behoefte is, kan u haar gerus kontak by 0760769294. Sy is slegs op Dinsdae en Donderdae beskikbaar tussen 18:00 – 19:00. Baie dankie vir u samewerking.

**6. UITTEKEN VAN LEERDERS**

Departementele regulasie bepaal dat enige persoon wat 'n kind uitteken gedurende skoolure, homself moet identifiseer deur middel van 'n identiteitsdokument. Daar sal 'n afdruk van die ID dokument gemaak word en dit sal saam met die uittekenkaart geliaseer word. Dankie vir u begrip en samewerking in die verband.

**7. "BRANDED SOCKS" (BARENDKOUSE)**

U het reeds kennis geneem dat die "branded socks" nou deel is van ons skooldrag. Ons wil dus graag hê dat ons atlete daarin sal deelneem vir eenvormigheid. Dit kan by die skool of "Socks for Africa" aangekoop word. Die kouse is van hoë kwaliteit en gaan ook by sekere sportkodes (soos netbal) gedra word. Dit is ook deel van ons Vrydagdrag.

**8. VALENTYNSDAG**

Saterdag, 14 Februarie is Valentynsdag. Vir 'n bydrae van R10 mag leerlinge op Vrydag,13 Februarie gewone klere aantrek. Fondse wat op die wyse ingesamel word, gaan vir die leierfonds. Dankie vir u ondersteuning.

**9. KOEKVERKOPING**

Die Graad R, RR en Graad 7-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 6 Maart 2026. Baie dankie byvoorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**10.SKOOLFONDS**

Baie dankie vir die van u wat getrou u verpligtinge nakom. Ons herinner u weereens aan die uiteensetting van die skoolfonds soos in Nuusbrief 1 en aan die 8% korting wat u kan kry as u voor of op einde Maart eenmalig u volle skoolfondsverpligtinge vir 2026 wil vereffen. Indien u wil aansoek doen vir subsidie of reëlings wil tref met betrekking tot skoolgeld, moet u asseblief die nodige vorm by Mev. E. van Wyk in die kantoor afhaal. Dit moet asseblief volledig terugbesorg wees voor of op 27 Februarie 2026. Die Finansiële Komitee sal u in kennis stel of u aansoek geslaag het. **Geen aansoeke vir subsidie sal na 27 Februarie 2026 aanvaar word nie en die uitstaande rekening is dan u verantwoordelikheid.**

**Voogskap:** Let asseblief daarop dat slegs 'n amptelike bewys wat aantoon dat 'n leerling in voogskap geplaas is, aanvaar sal word om vir subsidie te kwalifiseer.

**11. KARNAVAL 2026**

Die tema vir vanjaar se karnaval is selfoontoepassings ("apps"). Elke graad gaan 'n toepassing verteenwoordig. Ons gaan om 08:00 begin met 'n optog waar elke graad gaan aantrek soos die bepaalde toepassing. Elke graad gaan ook 'n vaandel maak wat voor gedra sal word gedurende die optog waarna daar afgesluit sal word met 'n kreet. Die beplande datum is Vrydag, 8 Mei 2026.

Leerders gaan ook lekker waterkaskenades hou op ***Fun Jumping Castles*** se toerusting teen R90 per kind. Ons gaan ook 2 meganiese speelapparate inhuur wat gewoonlik by 'n mallemeule gebruik word (swaaiende boot en 'n motor). Hierdie 2 apparate is nie ingesluit by die R90 nie en kos R20 per geleentheid.

Leerlinge het vandag 'n borgvorm ontvang. Help asseblief u kind om elke blokkie te verkoop. Die blokkies se waarde is R5 en R10. Die totale waarde van elke borgvorm beloop R150. Die blokkies word dan verkoop aan familielede (oupa, ouma, tannie,oom, vriende,ens.) Indien 'n kind 'n vol borgvorm inhandig, mag hy/sy **GRATIS** op die ***Fun Jumping Castles*** se toerusting speel. Daar sal ook weer watertand kos te koop aangebied word. Elke graad gaan verantwoordelik wees vir 'n kosstalletjie. (pannekoek, hamburgers, boereworsrolle, donuts, ens. Kaartjies sal vooraf te koop aangebied word in 'n boekieformaat om 'n bottelnek op die betrokke dag te voorkom. Die boekies sal reeds vanaf 2 Maart 2026 beskikbaar wees in die kantoor teen R100 'n boekie (maatjies, boeties en sussies kan deel) – maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die kaartjieboekies en borgvorms is Woensdag, 6 Mei 2026. Nog pret wat die dag sommer baie lekker gaan maak is ponieritte, tatoes, speletjies, vang die koeldrankbottel, windbuks teikenskiet, tombola, veerpyltjies, ens.

Hierdie is jaarliks een van die skool se grooooooot insamelingsprojekte. Ons weet dit is baie moeilike finansiële tye, maar skole kry ongelukkig nie voldoende befondsing van regeringskant om suksesvol te funksioneer nie. Ons is op u, as trotse ouers, aangewese om Laerskool Eligwa na nog hoër hoogtes te vat.
U het 3 maandeindes om te beplan en te begroot vir die groot geleentheid. Kom koop u kos by die skool en ontspan saam met ons. Kom ons vat hande en geniet die dag saam met die kinders en personeel. Sonder u positiewe ondersteuning en gesindheid kan ons nie van die dag 'n sukses maak nie.

**12. NETBAL AANDREEKSE**

Die volgende aandreekse word aangebied:
Alle spanne – Transvalia aandreeks – 27 Februarie 2026 en 6 Maart 2026.
Alle spanne - Emfulenipark – 17 en 18 Maart 2026.

**13. RUGBY AANDREEKSE**

Die volgende aandreekse word aangebied:
2de span by Vryheidsmonument 24 en 26 Februarie 2026.
Alle spanne by Transvalia 27 Februarie, 6 en 13 Maart 2026 vir "Friday Night Lights" aandreeks.
O/11 aandreeks by Laerskool Eligwa op 11 en 12 Maart 2026.
O/10 en 1ste span by Laerskool Midvaal 17 en 19 Maart 2026.
Baie sterkte aan ons seuns en afrigters.

**14. KOPLUISE**

Daar is kopluise onder di leerlinge opgemerk. Sal u asseblief so gaaf wees om u kind te ondersoek en die nodige stappe te neem. U moet dit asseblief dadelik behandel met 'n spesiale sjampoe wat by die apteek verkrygbaar is. Kopluise is altyd 'n baie sensitiewe saak en ouers voel soms, onnodig, baie verleë daaroor. Aangesien kopluise baie maklik versprei, kan 'n mens ook baie maklik besmet raak.

**15. GHOLFDAG**

Eligwa bied op Vrydag, 13 Maart 2026 'n gholfdag aan. Indien u belangstel om 'n putjie te borg of om 'n prys te borg, kontak gerus die skool.

**16. SKOOLDRAG**

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om asseblief u kinders netjies in skooldrag geklee skool toe te stuur. Dit bevorder goeie dissipline by die skool en skep ook 'n eenheidsgevoel onder die leerders.

**17. HEKKE**

Ouers moet asseblief kennis neem dat alle hekke in die oggend om 07:30 sluit. Die veiligheid van ons leerders is vir ons baie belangrik. Onderwysers kan ook nie by die hekke wag vir laatkommers nie omrede hulle leerlinge dan reeds by hulle klasse aangemeld het. Indien u laat is, moet u asseblief hek 2 gebruik om toegang te verkry tot die terrein.

Eligwagroete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**